NASIONALE ... ING
... NATIONAL EDUC...

OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA
OFFICIAL GAZETTE
OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

R0,30 Saterdag 1 September 1984 **WINDHOEK** Saturday 1 September 1984 No. 4949

INHOUD:

Bladsy

GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No. AG. 107 Proklamering en Klassifisering van Plaaspad 801: Distrik Maltahöhe 2

No. AG. 108 Proklamering en Klassifisering van 'n pad en die vermindering van die breedte van die Padreserwe daarvan: Distrik Ovambo 3

No. AG. 109 Voorstel dat die klassifikasie van 'n gedeelte van Grootpad 58 verander moet word, 'n gedeelte van Grootpad 58 gesluit moet word, 'n gedeelte van Distrikspad 1621 verlê moet word, 'n Distrikspad geproklameer moet word, gedeeltes van Plaaspaaie 1620 en 1619 gesluit moet word en paaie tot geproklameerde plaaspaaie verklaar moet word: Distrik Gobabis 4

No. AG. 110 Aanstelling van 'n lid in die Hawe-adviesraad, Walvisbaai 7

No. AG. 111 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Wysiging van Inboorlinglokasieregulasies: Aranos 7

No. AG. 112 Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Wysiging van Standaardbouregulasies: Lüderitz 10

ALGEMENE KENNISGEWINGS

No. 89 Munisipaliteit Otavi: Wysiging van Waterleweringsregulasies 11

No. 90 Munisipaliteit Grootfontein: Wysiging van Regulasies op Elektrisiteitsverskaffing 11

No. 91 Munisipaliteit Otjiwarongo: Wysiging van Standaardbouregulasies 11

No. 92 Munisipaliteit Grootfontein: Wysiging van Personeelregulasies 12

No. 93 Munisipaliteit van Tsumeb: Wysiging van Gesondheidsregulasies 13

CONTENTS:

Page

GOVERNMENT NOTICES

No. AG. 107 Proclamation and Classification of farm road 801: District of Maltahöhe 2

No. AG. 108 Proclamation of a road and the decrease of the width of the road reserve thereof: District of Ovambo 3

No. AG. 109 Proposal that the classification of a portion of Main Road 58 be changed, a portion of Main Road 58 be closed, a portion of District Road 1621 be deviated, a District Road be proclaimed, portions of Farm Roads 1620 and 1619 be closed and roads to be declared proclaimed farm roads: District of Gobabis 4

No. AG. 110 Appointment of a member on the Harbour Advisory Board, Walvis Bay 7

No. AG. 111 Peri-Urban Development Board: Amendment of Native Location Regulations: Aranos 7

No. AG. 112 Peri-Urban Development Board: Amendment of Standard Building Regulations: Lüderitz 10

GENERAL NOTICES

No. 89 Municipality of Otavi: Amendment of Water Supply Regulations 11

No. 90 Municipality of Grootfontein: Amendment of Electricity Supply Regulations 11

No. 91 Municipality of Otjiwarongo: Amendment of Standard Building Regulations 11

No. 92 Municipality of Grootfontein: Amendment of Staff Regulations 12

No. 93 Municipality of Tsumeb: Amendment of Health Regulations 13

Goewermentskennisgewings

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 107 1984

PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN PLAASPAD 801: DISTRIK MALTAHÖHE

Hierby word -

(a) ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 22(1)(b) van genoemde Ordonnansie die pad wat in die Bylae beskryf en op sketskaart P1115 aangetoon word, tot geproklameerde pad verklaar het; en

(b) ingevolge artikel 23(3) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 23(1)(d) van genoemde Ordonnansie die in paragraaf (a) bedoelde pad tot plaaspad (nommer 801) verklaar het.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1115) op grootpad 36 op die plaas Gedeelte 1 van Neuhof Reserve 100 algemeen noordnoordooswaarts en al meer noordooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1115) op genoemde plaas; van daar algemeen oosnoordooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (C op sketskaart P1115) op genoemde plaas; van daar algemeen ooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (C1 op sketskaart P1115) op genoemde plaas; van daar algemeen oosnoordooswaarts en al meer ooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (C2 op sketskaart P1115) op genoemde plaas; van daar algemeen oosnoordooswaarts en al meer ooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (D op sketskaart P1115) op die gemeenskaplike grens

Government Notices

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 107 1984

PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF FARM ROAD 801: DISTRICT OF MALTAHÖHE

It is hereby made known -

(a) in terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that the Administrator-General has under section 22(1)(b) of the said Ordinance declared the road described in the Schedule and shown on sketch-map P1115, to be a proclaimed road; and

(b) in terms of section 23(3) of the said Ordinance that the Administrator-General has under section 23(1)(d) of the said Ordinance declared the road referred to in paragraph (a), to be a farm road (number 801).

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1115) on main road 36 on the farm Portion 1 of Neuhof Reserve 100 generally north-north-eastwards and more and more north-eastwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1115) on the said farm; thence generally east-north-eastwards across the said farm to a point (C on sketch-map P1115) on the said farm; thence generally eastwards across the said farm to a point (C1 on sketch-map P1115) on the said farm; thence generally east-north-eastwards and more and more eastwards across the said farm to a point (C2 on sketch-map P1115) on the said farm; thence generally east-north-eastwards and more and more eastwards across the said farm to a point (D on sketch-map P1115) on the common boundary of the said farm and the

van genoemde plaas en die plaas Gedeelte 3 van Neuhof Reserve 100; van daar algemeen ooswaarts en al meer oossuidooswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (D1 op sketskaart P1115) op laasgenoemde plaas; van daar algemeen suidooswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (Y op sketskaart P1115) op die gemeenskaplike grens van laasgenoemde plaas en die plaas Gedeelte 1 van Neuhof Reserve 100.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 108 1984

PROKLAMERING EN KLASSIFISERING VAN 'N PAD EN DIE VERMINDERING VAN DIE BREEDTE VAN DIE PADRESERWE DAARVAN: DISTRIK OVAMBO

Hierby word -

(a) ingevolge artikel 22(2) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 22(1)(b) van genoemde Ordonnansie die pad wat in die Bylae beskryf en op sketskaart P1225 aangetoon word, tot geproklameerde pad verklaar het;

(b) ingevolge artikel 23(3) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 23(1)(c) van genoemde Ordonnansie, die in paragraaf (a) bedoelde pad tot distrikspad (nommer 3620) verklaar het; en

(c) ingevolge artikel 3(4)(b) van genoemde Ordonnansie bekend gemaak dat die Administrateur-generaal kragtens artikel 3(4)(aA) van genoemde Ordonnansie die breedte van die padreserwe van die in paragraaf (a) bedoelde pad, verminder het na dertig meter.

Genoemde sketskaart is te alle tye gedurende gewone kantoorure by die kantoor van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, ter insae beskikbaar.

Die in hierdie kennisgewing bedoelde pad loop oor, en is in sy geheel geleë op, die gemeenskaplike grond van die Ovambo's bedoel in artikel 32 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Ovambo's, 1980 (Proklamasie AG. 23 van 1980).

farm Portion 3 of Neuhof Reserve 100; thence generally eastwards and more and more east-south-eastwards across the last-mentioned farm to a point (D1 on sketch-map P1115) on the last-mentioned farm; thence generally south-eastwards across the last-mentioned farm to a point (Y on sketch-map P1115) on the common boundary of the last-mentioned farm and the farm Portion 1 of Neuhof Reserve 100.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 108 1984

PROCLAMATION AND CLASSIFICATION OF A ROAD AND THE DECREASE OF THE WIDTH OF THE ROAD RESERVE THEREOF: DISTRICT OF OVAMBO

It is hereby made known -

(a) in terms of section 22(2) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), that the Administrator-General has under section 22(1)(b) of the said Ordinance declared the road described in the Schedule and shown on sketch-map P1225, to be a proclaimed road;

(b) in terms of section 23(3) of the said Ordinance that the Administrator-General has under section 23(1)(c) of the said Ordinance declared the road referred to in paragraph (a), to be a district road (number 3620); and

(c) in terms of section 3(4)(b) of the said Ordinance that the Administrator-General has under section 3(4)(aA) of the said Ordinance decreased the width of the road reserve of the road referred to in paragraph (a), to thirty metres.

The said sketch-map shall at all times lie open to inspection at the office of the Secretary for Transport, Windhoek, during normal office hours.

The road referred to in this notice runs across, and is entirely situated on, the communal land of the Ovambos referred to in section 32 of the Representative Authority of the Ovambos Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 23 of 1980).

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1225) op grootpad 92 by die plek bekend as Oshakati algemeen noordooswaarts daarna noordnoord-weswaarts en ten slotte weer noordooswaarts tot op 'n punt (B op sketskaart P1225) naby die plek bekend as Okatana.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1225) on main road 92 at the place known as Oshakati generally north-eastwards, then north-north-westwards and finally again north-eastwards to a point (B on sketch-map P1225) near the place known as Okatana.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 109 1984

VOORSTEL DAT DIE KLASSIFIKASIE VAN 'N GEDEELTE VAN GOOTPAD 58 VERANDER MOET WORD, 'N GEDEELTE VAN GROOTPAD 58 GESLUIT MOET WORD, 'N GEDEELTE VAN DISTRIKSPAD 1621 VERLÊ MOET WORD, 'N DISTRIKSPAD GEPROKLAMEER MOET WORD, GEDEELTES VAN PLAASPAAIE 1620 EN 1619 GESLUIT MOET WORD EN PAAIE TOT GEPROKLAMEERDE PLAASPAAIE VERKLAAR MOET WORD: DISTRIK GOBABIS

Ingevolge artikel 20(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van Vervoer voorstel dat -

(a) (i) die klassifikasie van daardie gedeelte van grootpad 58 wat in paragraaf (a) van Bylae I beskryf en op sketskaart P1226 aangetoon word, verander moet word na plaaspad; en

(ii) daardie gedeelte van grootpad 58 wat in paragraaf (b) van Bylae I beskryf en op sketskaart P1226 aangetoon word, gesluit moet word;

(b) daardie gedeelte van distrikspad 1621 wat in paragraaf (a) van Bylae II beskryf en op sketskaart P1226 aangetoon word, verlê moet word van die roete in genoemde paragraaf (a) beskryf en aldus aangetoon, na die roete wat in paragraaf (b) van Bylae II beskryf en op sketskaart P1226 aangetoon word;

(c) daar oor grond waar voorheen geen pad bestaan het nie, 'n distrikspad geproklameer moet word soos beskryf in Bylae III en aangetoon op sketskaart P1226;

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 109 1984

PROPOSAL THAT THE CLASSIFICATION OF A PORTION OF MAIN ROAD 58 BE CHANGED, A PORTION OF MAIN ROAD 58 BE CLOSED, A PORTION OF DISTRICT ROAD 1621 BE DEVIATED, A DISTRICT ROAD BE PROCLAIMED, PORTIONS OF FARM ROADS 1620 AND 1619 BE CLOSED AND ROADS TO BE DECLARED PROCLAIMED FARM ROADS: DISTRICT OF GOBABIS

In terms of section 20(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Secretary for Transport proposes that -

(a) (i) the classification of that portion of main road 58 described in paragraph (a) of Schedule I and shown on sketch-map P1226, be changed to farm road; and

(ii) that portion of main road 58 described in paragraph (b) of Schedule I and shown on sketch-map P1226, be closed;

(b) that portion of district road 1621 described in paragraph (a) of Schedule II and shown on sketch-map P1226, be deviated from the route described in the said paragraph (a) and so shown, to the route described in paragraph (b) of Schedule II and shown on sketch-map P1226;

(c) a district road be proclaimed on land where no road previously existed as described in Schedule III and shown on sketch-map P1226;

(d) daardie gedeeltes van plaaspaaie 1620 en 1619 wat, onderskeidelik, in paragrawe (a) en (b) van Bylae IV beskryf en op sketskaart P1226 aangetoon word, gesluit moet word; en

(e) die paaie wat in paragrawe (a) en (b) van Bylae V beskryf en op sketskaart P1226 aangetoon word, tot geproklameerde plaaspaaie verklaar moet word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die paaie waarop die voorstel betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Gobabis, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde voorstel word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Sekretaris van Vervoer, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, of die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

BYLAE I

(a) Van 'n punt (G op sketskaart P1226) op die plaas Appelblaar 654 waar grootpad 99 by grootpad 58 aansluit algemeen noordooswaarts oor genoemde plaas en die plaas Moedhoop 655 tot op 'n punt (E op sketskaart P1226) op laasgenoemde plaas waar plaaspad 1620 by grootpad 58 aansluit.

(b) Van 'n punt (E op sketskaart P1226) op die plaas Moedhoop 655 waar plaaspad 1620 by grootpad 58 aansluit algemeen noordooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1226) op genoemde plaas waar die pad beskryf in paragraaf (b) van Bylae II by grootpad 58 aansluit en waar die voorgestelde pad beskryf in Bylae III by grootpad 58 sal aansluit; van daar algemeen oosnoordooswaarts oor die plase Moedhoop 655 en Audax 978 tot op 'n punt (C op sketskaart P1226) op laasgenoemde plaas waar distrikspad 1621 by grootpad 58 aansluit; van daar algemeen oosnoordooswaarts en al meer noordooswaarts oor die plase Audax 978, Plaas 660, Sandputz 778, Restant van Vierpanne 670, Elandspan 672, Gedeelte I (Rika) van Okatombaka 266

(d) those portions of farm roads 1620 and 1619 described in paragraphs (a) and (b) of Schedule IV, respectively, and shown on sketch-map P1226 be closed; and

(e) the roads described in paragraphs (a) and (b) of Schedule V and shown on sketch-map P1226 be declared proclaimed farm roads.

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the roads to which the proposal refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned hereunder lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Gobabis, during normal office hours.

Every person having any objection to the above-mentioned proposal is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Secretary for Transport, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, or the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

SCHEDULE I

(a) From a point (G on sketch-map P1226) on the farm Appelblaar 654 where main road 99 joins main road 58 generally north-eastwards across the said farm and the farm Moedhoop 655 to a point (E on sketch-map P1226) on the last-mentioned farm where farm road 1620 joins main road 58.

(b) From a point (E on sketch-map P1226) on the farm Moedhoop 655 where farm road 1620 joins main road 58 generally north-eastwards across the said farm to a point (B on sketch-map P1226) on the said farm where the road described in paragraph (b) of Schedule II joins main road 58 and where the proposed road described in Schedule III will be joining main road 58; thence generally east-north-eastwards across the farms Moedhoop 655 and Audax 978 to a point (C on sketch-map P1226) on the last-mentioned farm where district road 1621 joins main road 58; thence generally east-north-eastwards and more and more north-eastwards across the farms Audax 978, Farm 660, Sandputz 778, Remainder of Vierpanne 670, Elandspan 672, Portion I

en Restant van Okatombaka 266 tot op 'n punt (F op sketskaart P1226) op die noordelike grens van laasgenoemde plaas, synde ook die gemeenskaplike grens van die distrik Gobabis en daardie gedeelte van die distrik Hereroland wat bekend staan as Hereroland Oos Gebied I.

BYLAE II

(a) Van 'n punt (A op sketskaar P1226) op die plaas Audax 978 waar die pad beskryf in paragraaf (b) by distrikspad 1621 aansluit algemeen suidsuidooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (C op sketskaart P1226) op grootpad 58 op laasgenoemde plaas.

(b) Van 'n punt (A op sketskaart P1226) op distrikspad 1621 op die plaas Audax 978 algemeen suidwaarts oor genoemde plaas en die plaas Moedhoop 655 tot op 'n punt (B op sketskaart P1226) op grootpad 58 op laasgenoemde plaas waar die voorgestelde pad beskryf in Bylae III by genoemde grootpad sal aansluit.

BYLAE III

Van 'n punt (B op sketskaart P1226) op grootpad 58 op die plaas Moedhoop 655 waar die pad beskryf in paragraaf (b) van Bylae II by genoemde grootpad aansluit algemeen suidooswaarts oor genoemde plaas en die Plaas Audax 978 tot op 'n punt (D op sketskaart P1226) op grootpad 70 op laasgenoemde plaas.

BYLAE IV

(a) Van 'n punt (J op sketskaart P1226) op die plaas Wesselsput Oos 758 waar die pad beskryf in paragraaf (a) van Bylae V by plaaspad 1620 aansluit algemeen suidsuidooswaarts oor genoemde plaas en die plaas Moedhoop 655 tot op 'n punt (K op sketskaart P1226) op laasgenoemde plaas waar die pad beskryf in paragraaf (b) van Bylae V by genoemde plaaspad aansluit.

(b) Van 'n punt (M op sketskaart P1226) op die plaas Restant van Wesselsput 656 waar die pad beskryf in paragraaf (b) van Bylae V by plaaspad 1619 aansluit algemeen suidooswaarts oor genoemde plaas en die plaas Moedhoop 655 tot op 'n punt (N op sketskaart P1226) op plaaspad 1620 op laasgenoemde plaas.

(Rika) of Okatombaka 266 and Remainder of Okatombaka 266 to a point (F on sketch-map P1226) on the northern boundary of the last-mentioned farm being also the common boundary of the district of Gobabis and that portion of the district of Hereroland known as Hereroland East Area I.

SCHEDULE II

(a) From a point (A on sketch-map P1226) on the farm Audax 978 where the road described in paragraph (b) joins district road 1621 generally south-south-eastwards across the said farm to a point (C on sketch-map P1226) on main road 58 on the said farm.

(b) From a point (A on sketch-map P1226) on district road 1621 on the farm Audax 978 generally southwards across the said farm and the farm Moedhoop 655 to a point (B on sketch-map P1226) on main road 58 on the last-mentioned farm where the proposed road described in Schedule III will be joining the said main road.

SCHEDULE III

From a point (B on sketch-map P1226) on main road 58 on the farm Moedhoop 655 where the road described in paragraph (b) of Schedule II joins the said main road generally south-eastwards across the said farm and the farm Audax 978 to a point (D on sketch-map P1226) on main road 70 on the last-mentioned farm.

SCHEDULE IV

(a) From a point (J on sketch-map P1226) on the farm Wesselsput Oos 758 where the road described in paragraph (a) of Schedule V joins farm road 1620 generally south-south-eastwards across the said farm and the farm Moedhoop 655 to a point (K on sketch-map P1226) on the last-mentioned farm where the road described in paragraph (b) of Schedule V joins the said farm road.

(b) From a point (M on sketch-map P1226) on the farm Remainder of Wesselsput 656 where the road described in paragraph (b) of Schedule V joins farm road 1619 generally south-eastwards across the said farm and the farm Moedhoop 655 to a point (N on sketch-map P1226) on farm road 1620 on the last-mentioned farm.

BYLAE V

(a) Van 'n punt (J op sketskaart P1226) op plaaspad 1620 op die plaas Wesselsput Oos 758 algemeen suidsuidweswaarts oor genoemde plaas en die plaas Restant van Wesselsput 656 tot op 'n punt (L op sketskaart P1226) op die pad beskryf in paragraaf (b) op laasgenoemde plaas.

(b) Van 'n punt (M op sketskaart P1226) op plaaspad 1619 op die plaas Restant van Wesselsput 656 algemeen ooswaarts oor genoemde plaas tot op 'n punt (L op sketskaart P1226) op genoemde plaas waar die pad beskryf in paragraaf (a) by die pad hierin beskryf aansluit; van daar algemeen oossuidooswaarts oor die plase Restant van Wesselsput 656 en Moedhoop 655 tot op 'n punt (K op sketskaart P1226) op plaaspad 1620 op laasgenoemde plaas.

SCHEDULE V

(a) From a point (J on sketch-map P1226) on farm road 1620 on the farm Wesselsput Oos 758 generally south-south-westwards across the said farm and the farm Remainder of Wesselsput 656 to a point (L on sketch-map P1226) on the road described in paragraph (b) on the last-mentioned farm.

(b) From a point (M on sketch-map P1226) on farm road 1619 on the farm Remainder of Wesselsput 656 generally eastwards across the said farm to a point (L on sketch-map P1226) on the said farm where the road described in paragraph (a) joins the road herein described; thence generally east-south-eastwards across the farms Remainder of Wesselsput 656 and Moedhoop 655 to a point (K on sketch-map P1226) on farm road 1620 on the last-mentioned farm.

SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTE (AFDELING HAWENS)

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer

No. AG. 110 1984

Dit het die Staatspresident behaag om mnr. Evert Philipus van Rooyen ingevolge artikel 28 van Wet no. 65 van 1981, as lid in die Haweadviesraad, Walvisbaai, aan te stel om die Kamer van Koophandel tot 31 Oktober 1985 te verteenwoordig.

Mnr. Van Rooyen word aangestel in die plek van mnr. R.D. Richards wat bedank het.

SOUTH AFRICAN TRANSPORT SERVICES (HARBOURS SECTION)

The following Government Notice is published for general information

No. AG. 110 1984

The State President has been pleased to appoint Mr. Evert Philipus van Rooyen in terms of Section 28 of Act No. 65 of 1981 as member on the Harbour Advisory Board, Walvis Bay, to represent the Chamber of Commerce until 31 October 1985.

Mr. Van Rooyen is appointed in the place of Mr. R.D. Richards who has resigned.

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. AG. 111 1984

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING: WYSIGING VAN INBOORLING-LOKASIEREGULASIES: ARANOS

Die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling het kragtens artikel 32(2) van die Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951 (Proklamasie 56 van 1951) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 33 van 1966, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. AG. 111 1984

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD: AMENDMENT OF NATIVE LOCATION REGULATIONS: ARANOS

The Peri-Urban Development Board has under section 32(2) of the Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951 (Proclamation 56 of 1951), further amended the regulations promulgated under Government Notice 33 of 1966, as amended, as set out in the Schedule.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 32(4) van genoemde Proklamasie op Inboorlinge in Stedelike Gebiede 1951.

BYLAE

Die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 33 van 1966 word hierby gewysig -

(a) deur in die opskrif van die Goewermentskennisgewing as sodanig en in die opskrif van die Bylae daarby die uitdrukking "Dorpsbestuur Aranos" deur die uitdrukking "Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Aranos" te vervang;

(b) deur in regulasie 1 van Hoofstuk I die omskrywing van "Raad" deur die volgende omskrywing te vervang:

"Raad" die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, ingestel kragtens artikel 2 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970);";

(c) deur in die Engelse teks van regulasie 1 van Hoofstuk I die omskrywing van "Council" te skrap;

(d) deur in regulasie 1 van Hoofstuk I die omskrywing van "stadsgebied" deur die volgende omskrywing te vervang:

" "stadsgebied" die buitestedelike gebied van Aranos;";

(e) deur regulasie 34 van Hoofstuk II deur die volgende regulasie te vervang:

"TARIEF VAN HUURGELDE EN VORDERINGS.

34. (1) Elke geregistreerde bewoner of huurder is aanspreeklik vir betaling aan die Raad in die kantoor van die superintendent van die toepaslike huurgelde en vorderings soos in Bylae V by hierdie regulasies voorgeskryf, en moet, behoudens die bepalings van subregulasie (2), sodanige huurgelde en vorderings vooruitbetaal.

(2) Waar 'n sodanige vordering bereken moet word op verbruik oor 'n periode in die toepaslike tarief genoem, is sodanige vordering betaalbaar op die eerste dag wat op sodanige periode volg.";

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 32(4) of the said Natives (Urban Areas) Proclamation, 1951.

SCHEDULE

The regulations promulgated under Government Notice 33 of 1966 are hereby amended -

(a) by the substitution in the heading of the Government Notice as such and in the heading of the Schedule thereto for the expression "Village Management Board Aranos" of the expression "Peri-Urban Development Board: Aranos";

(b) by the insertion in regulation 1 of Chapter I before the definition of "Cemetery" of the following definition:

"Board" shall mean the Peri-Urban Development Board, established under section 2 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970);";

(c) by the deletion in regulation 1 of Chapter I of the definition of "Council";

(d) by the substitution in regulation 1 of Chapter I for the definition "Urban area" of the following definition:

" "Urban area" shall mean the Peri-urban area of Aranos; ";

(e) by the substitution for regulation 34 of Chapter II of the following regulation:

"TARIFF OF RENTS AND CHARGES.

34. (1) Every registered occupier or lessee is liable for payment to the Board in the office of the Superintendent of the applicable rents and charges as prescribed in Schedule V to these regulations, and shall, subject to the provisions of subregulation (2), pay such rents and charges in advance.

(2) Where any such charge is to be computed on consumption over a period mentioned in the applicable tariff, such charge shall be payable on the first day following such period.";

(f) deur in die opskrifte by Bylaes I, II, III en IV die uitdrukking "Dorpsbestuur Aranos" deur die uitdrukking "Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Aranos" te vervang;

(g) deur in Bylaes I en II die woord "dorpsbestuur" te skrap;

(h) deur in Bylae III die woord "munisipale" te skrap;

(i) deur in item 1 van Bylae V die bedrag "R0,50" deur die bedrag "R0,60" te vervang;

(j) deur in item 3 van Bylae V die bedrag "R4,00", oral waar dit voorkom, deur die bedrag "R4,60" te vervang;

(k) deur die volgende paragraaf by item 3 van Bylae V te voeg:

"(c) Rondawel, per maand of gedeelte van 'n maand ..... R1,20";

(l) deur in item 4 van Bylae V die bedrag "R4,55" deur die bedrag "R6,35" te vervang;

(m) deur item 5 van Bylae V deur die volgende item te vervang:

" 4. Vir Water

(i) Vir elke kiloliter of gedeelte van 'n kiloliter in 'n maand verbruik R0,41

(ii) 'n Minimum vordering, per maand R4,00

(iii) Huur van watermeter, per maand R0,20

(b) Rondawels deur die Raad verhuur: Per Huurder, per maand of 'n gedeelte van 'n maand .. R2,90

(c) Per perseelhuurder, per maand of 'n gedeelte van 'n maand ... R7,60";

(n) deur item 6 van Bylae V deur die volgende item te vervang:

" 6. Nagvuilverwydering:

(a) Rondawels: Per huurder, per maand of 'n gedeelte van 'n maand R1,15

(b) Ander wonings: Per huurder, per maand of 'n gedeelte van 'n maand .. R4,80

(f) by the substitution in the headings to Schedules I, II, III and IV for the expression "Village Management Board Aranos" of the expression "Peri-Urban Development Board: Aranos";

(g) by the deletion in Schedules I and II of the expression "Village Management Board"9

(h) by the deletion in Schedule III of the word "municipal";

(i) by the substitution in item 1 of Schedule V for the amount "R0,50" of the amount "R0,60";

(j) by the substitution in item 3 of Schedule V for the amount "R4,00", wherever it occurs, of the amount "R4,60";

(k) by the addition of the following paragraph to item 3 of Schedule V:

"(c) Rondavels, per month or part of a month R1,20";

(l) by the substitution in item 4 of Schedule V for the amount "R4,55" of the amount "R6,35";

(m) by the substitution for item 5 of Schedule V of the following item:

" 4. For Water:

(a) Houses let by the Board:

(i) For each kiloliter or part of a kiloliter consumed in a month R0,41

(ii) A minimum charge, per month R4,00

(iii) Rental for water meter, per month R0,20

(b) Rondavels let by the Board: Per tenant, per month or part of a month R2,90

(c) Per lessee of a site, per month or part of a month ..... R7,60";

(n) by the substitution for item 6 of Schedule V of the following item:

" 6. Removal of night soil:

(a) Rondavels: Per tenant, per month or part of a month R1,15

(b) Other dwellings: Per tenant, per month or part of a month R4,80

(c) Woonpersele waarop daar geen wonings van die Raad is nie: Per huurder, per maand of 'n gedeelte van 'n maand ..... R0,75";

(o) deur item 7 van Bylae V deur die volgende item te vervang:

" 7. Vullisverwydering:

(a) Rondawels: Per huurder, per maand of 'n gedeelte van 'n maand ... R1,15

(b) Ander wonings: Per huurder, per maand of 'n gedeelte van 'n maand .. R4,60

(c) Woonpersele waarop geen wonings van die Raad is nie: Per huurder, per maand of 'n gedeelte van 'n maand ..... R3,85";

(p) deur in die opskrif by Bylae VI die uitdrukking "Dorpsbestuur Aranos" deur die uitdrukking "Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling: Aranos" te vervang;

(q) deur in Bylae VII die uitdrukking "Dorpsbestuur", oral waar dit voorkom, deur die uitdrukking "Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling" te vervang; en

(r) deur in die Engelse teks die woord "Council", oral waar dit voorkom, deur die woord "Board" te vervang.

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. AG. 112 1984

RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING: WYSIGING VAN STANDAARDBOUREGULASIES: LÜDERITZ

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 40 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (Ordonnansie 19 van 1970), gelees met artikel 14*bis* van die Wet op Standaarde, 1962 (Wet 33 van 1962), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1830 van 1970, soos gewysig, en van toepassing gemaak op die buitestedelike gebied van Lüderitz by Goewermentskennisgewing 6 van 1975, met ingang van 1 Augustus 1984 verder gewysig deur in item 1 van Aanhangsel A van Hoofstuk 10 die bedrae "R6,10", "R30,50", "R0,57" en "R0,46" deur, onderskeidelik, die bedrae "R6,75", "R33,55", "R0,58" en "R0,51" te vervang.

(c) Residential sites on which there are no dwellings: of the Board: Per lessee, per month or part of a month ..... R0,75";

(o) by the substitution for item 7 of Schedule V of the following item:

" 7. Removal of refuse:

(a) Rondavels: Per tenant, per month or part of a month R1,15

(b) Other dwellings: Per tenant, per month or part of a month R4,60

(c) Residential sites on which there are no dwellings of the Board: Per lessee, per month or part of a month..... R3,85";

(p) by the substitution in the heading to Schedule VI for the expression "Village Management Board Aranos" of the expression "Peri-Urban Development Board: Aranos";

(q) by the substitution in Schedule VII for the expression "Village Management Board", wherever it occurs, of the expression "Peri-Urban Development Board"; and

(r) by the substitution for the word "Council", wherever it occurs, of the word "Board".

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. AG. 112 1984

PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD: AMENDMENT OF STANDARD BUILDING REGULATIONS: LÜDERITZ

The Administrator-General has under section 40 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (Ordinance 19 of 1970), read with section 14*bis* of the Standards Act, 1962 (Act 33 of 1962), with effect from 1 August 1984 further amended the regulations promulgated under Government Notice R.1830 of 1970, as amended, and applied to the peri-urban area of Lüderitz by Government Notice 6 of 1975, by the substitution in item 1 of Appendix A of Chapter 10 for the ammounts "R6,10", "R30,50", "R0,57" and "R0,46" of the amounts "R6,75", "R33,55", "R0,58" and "R0,51", respectively.

Algemene Kennisgewings

No. 89 1984

MUNISIPALITEIT OTAVI: WYSIGING VAN WATERLEWERINGSREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Otavi het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 66 van 1960, soos gewysig, verder gewysig deur in item 1(a)(ii) van Bylae B die bedrag "R0,30" deur die bedrag "R0,33" te vervang.

Genoemde wysiging is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

No. 90 1984

MUNISIPALITEIT GROOTFONTEIN: WYSIGING VAN REGULASIES OP ELEKTRISITEITSVERSKAFFING

Die raad van die Munisipaliteit Grootfontein het kragtens artikel 244(5) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 109 van 1957 en op genoemde Munisipaliteit van toepassing gemaak by Goewermentskennisgewing 139 van 1957, soos gewysig, verder gewysig deur in paragraaf 3(a)(iii) van Byvoegsel D die bedrae "vyftien sjielings" en "20/-" deur, onderskeidelik, die bedrae "R5,00" en "R10,00" te vervang.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

No. 91 1984

MUNISIPALITEIT OTJIWARONGO: WYSIGING VAN STANDAARDBOUREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Otjiwarongo het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963), gelees

General Notices

No. 89 1984

MUNICIPALITY OF OTAVI: AMENDMENT OF WATER SUPPLY REGULATIONS

The council of the Municipality of Otavi has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations promulgated under Government Notice 66 of 1960, as amended, by the substitution in item 1(a)(ii) of Schedule B for the amount "R0,30" of the amount "R0,33".

The said amendment has been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

No. 90 1984

MUNICIPALITY OF GROOTFONTEIN: AMENDMENT OF ELECTRICITY SUPPLY REGULATIONS

The council of the Municipality of Grootfontein has under section 244(5) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations promulgated under Government Notice 109 of 1957 and applied to the said Municipality by Government Notice 139 of 1957, as amended, by the substitution in paragraph 3(a)(iii) of Appendix D for the amounts "fifteen shillings" and "20/-" of the amounts "R5,00" and "R10,00", respectively.

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

No. 91 1984

MUNICIPALITY OF OTJIWARONGO: AMENDMENT OF STANDARD BUILDING REGULATIONS

The council of the Municipality of Otjiwarongo has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), read with

met artikel 14*bis* (2) van die Wet op Standaarde, 1962 (Wet 33 van 1962), die Standaardbouregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.1830 van 1970, soos deur genoemde raad aangeneem, welke aanname by Goewermentskennisgewing 7 van 1975 bekend gemaak en van tyd tot tyd gewysig is, verder gewysig deur in item (1) van Aanhangsel A by Hoofstuk 10 die bedrag "R0,52" deur die bedrag "R0,56" te vervang.

Genoemde wysiging is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

No. 92 1984

MUNISIPALITEIT GROOTFONTEIN: WYSIGING VAN PERSONEELREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Grootfontein het kragtens artikel 244(5) van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die Modelpersoneelregulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 119 van 1969 en op genoemde Munisipaliteit van toepassing gemaak by Goewermentskennisgewing 27 van 1970, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

Genoemde wysiging is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

BYLAE

Regulasie 32 word hierby gewysig deur subregulasie (1) deur die volgende subregulasie te vervang:

" (1) Aan 'n werknemer wat met goedkeuring van die raad sy privaat motorvoertuig in die uitvoering van sy pligte gebruik, word 'n vervoertoelae betaal vir die afstand wat hy werklik en noodsaaklikerwys met sodanige voertuig in die raad se diens reis, ooreenkomstig die volgende tariefskaal:

Enjinslagvolume van motorvoertuig in kubieke sentimeter	Toelae in sent per volle kilometer gereis
Tot en met 1 500	20,5
1 501 - 3 000	26,4
meer as 3 000	30,2"

section 14*bis*(2) of the Standards Act, 1962 (Act 33 of 1962), further amended the Standard Building Regulations promulgated under Government Notice R.1830 of 1970 as adopted by the said council, which adoption was made known by Government Notice 7 of 1975 and amended from time to time, by the substitution in item (1) of Appendix A to Chapter 10 for the amount "R0,52" of the amount "R0,56".

The said amendment has been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

No. 92 1984

MUNICIPALITY OF GROOTFONTEIN: AMENDMENT OF STAFF REGULATIONS

The council of the Municipality of Grootfontein has under section 244(5) of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the Model Staff Regulations promulgated under Government Notice 119 of 1969 and applied to the said Municipality by Government Notice 27 of 1970, as amended, as set out in the Schedule.

The said amendment has been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.

SCHEDULE

Regulations 32 is hereby amended by the substitution for subregulation (1) of the following subregulation:

" (1) An employee who, with the approval of the council, uses his private motor vehicle in the performance of his duties shall be paid a transport allowance for the distance he actually and necessarily travels with such vehicle in the service of the council, according to the following tariff:

Engine swept volume of motor vehicle in cubic centimetres	Allowance in cents per full kilometre travelled
Up to and including 1 500	20,5
1 501 - 3 000	26,4
more than 3 000	30,2"

No. 93 1984

MUNISIPALITEIT TSUMEB: WYSIGING VAN GESONDHEIDSREGULASIES

Die raad van die Munisipaliteit Tsumeb het kragtens artikel 242 van die Munisipale Ordonnansie 1963 (Ordonnansie 13 van 1963) die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 131 van 1956, soos gewysig, verder gewysig deur in paragrawe (a) en (c)(i) van Bylae "C" die bedrag "R6,50" deur die bedrag "R7,50" te vervang.

Genoemde wysigings is deur die Administrateur-generaal goedgekeur kragtens artikel 243 van genoemde Munisipale Ordonnansie 1963.

No. 93 1984

MUNICIPALITY OF TSUMEB: AMENDMENT OF HEALTH REGULATIONS

The council of the Municipality of Tsumeb has under section 242 of the Municipal Ordinance, 1963 (Ordinance 13 of 1963), further amended the regulations promulgated under Government Notice 131 of 1956, as amended, by the substitution in paragraphs (a) and (c)(i) of Schedule "C" for the amount "R6,50" of the amount "R7,50".

The said amendments have been approved by the Administrator-General under section 243 of the said Municipal Ordinance, 1963.